

Sakwurm motte (Sacktraeger, Bag worms)

Familie: PSYCHIDAE



Sakwurm motte in Combretum collinum
So kry jy dit in die veld

Wurm in die sak wat eintlik 'n mot is.....?!

Baie van ons het al hierdie konstruksies gesien, maar weet ons werklik wat binne-in sit?. Die mannetjie is 'n MOT! , die WYFIE 'n arm skepseltjie verdoem om die hele lewe in 'n donker sak van sy te vertoef. Sy het nie oë, geen voelers , nog vlerkies of bene nie. Sy vreet nie eers nie! Haar enigste doel is om eiers te lê. Na paring draai sy in haar sak om, lê eiers en vrek.

Die mannetjie is eers 'n larwe in die sak en dan word dit 'n papie en daaruit klim dan 'n mot. Die mot vreet nie, soek net vrou, bevrug die eiers deur 'n opening in die wyfie se sak en vrek dan, arme motman!

In die lente kom die kleintjies in die vorm van ruspetjies uit die eiers. Hulle verlaat die broeikamer en laat hulleself, hangende aan 'n sydraad, deur die wind of voels wegdra na 'n geskikte plant. Eers dan begin hulle lewensaktiwiteite: VREET en WERK. Hulle spin agter om hulle 'n omhulsel van sy waar ook plantmateriaal ingewerk word. Soos hulle groter word, word VOOR aangebou. Slegs die kop en voorste pote steek uit die sak. As gevaar dreig, vord die kop teruggetrek in die sak, en die "deur" word gesluit.


As die larwe vol uitgegroeï is, word die kokon met die een kant aan 'n tak vasgemaak, sodat die ander ent afhang. Dan gaan die larwe in die papiestadium (russtadium).



kongrootte



sakwurm motte-larwe



prente van sakwurm

Sakwurm het baie vyande: hotnotsgod (Mantis), kewers, vlieë, wespes (veral parasitiese wespes... hulle plaas hulle eiers binne-in die wyfie-sakwurm, sodat die larwes dan genoeg kos het of vreet dit self op), spinnekoppe, voels. Daarom is die blyplek so goed gekamoefleer en so sterk gebou (dit is nogal moeilik om dit met 'n sker of mes oop te sny).

So onopsigtelik hierdie insek ook is, soveel skade kan dit berokken; hele wattleplantasies word deur die larwes van sakwurm vernietig. Hierdie een wat ek gekry het, was by 'n Combretum collinum-boom.



perfek gekamoefleer

Inligtingsbronne:

Insects of Southern Africa (Clarke H.Scholtz, Erik Holm)

Updated Field Guide to Insects of South Africa (Mike Picker, Charles Griffiths, Alan Weaving)

Remarkable Insects of South Africa (Lambert Smith)

Google: Bagworm Information by Lani Powell

Teks en fotos: Anka Eichhoff

Foto van sakwurm-mot-larwe (Lambert Smith), sketse van sakwurm uit Insects of Southern Africa (Scholtz en Horn)